# 24 November 2023 - Lesing 184 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Onselfsugtige werk in die wingerd – 27/1/61

**No: 7809** En aan julle word **die taak gegee om My Woord te versprei wat aan julle van bo deur My Self gestuur word.** Ek wil waarlik die weë vir julle gelykmaak, Ek wil julle help om My Woord te neem waar ookal die mense honger en dors daarvoor het.

Want **Ek ken die harte** van die wat hulleself nie sal afsluit vir My Woord, wanneer dit vir hulle aangebied word nie. En so verrig julle maar steeds die werk waartoe julle in staat is en julle moet weet dat Ek Self vir al die verdere sal sorg wat daartoe sal bydra om My Woord te versprei.

Want een ding is seker, **dat Ek My Woord nie nutteloos na die aarde gestuur het nie**, selfs as sou dit dikwels vir julle voorkom asof die geestelike goedere geen ware doel vervul nie.

Julle moet net in geduld en volharding saamwerk en die werk doen wat van menskant gedoen moet word, omdat Ek nie by alle mense direk kan werk nie en daarom vir julle gebruik, **om My te dien as tussenpersone,** want nie alle mense sou My regstreekse werksaamheid by hulle toelaat nie en tog moet ook hulle in besit van My woord kom om hulle siele ryp te laat word.

En telkens weer sal die geleenthede hulle voordoen waarby **My ongewone werksaamheid** by julle vermeld kan word. En daar sal geopende harte te vinde wees wat sal insien dat dit 'n ongewone gawe van genade is, wat met dankbare harte hulleself bereid sal verklaar om mee te help in My wingerd en wie se gedienstigheid Ek graag aanneem.

**Want geestelike sukses word slegs deur die liefde tot stand gebring**. Daarom glo nie dat julle dit kan bereik waar hierdie liefde nie teenwoordig is nie. Glo daarom nie dat julle soiets kan onderneem, **waar hierdie liefde nie aanwesig is nie.** Glo nie dat Ek My seën sal gee aan 'n voorneme wat duidelik die **wêreldgees** verraai nie.

**My Woord moet die harte aanspreek** en Ek kan waarlik ander weë vind as die wat mense wil gaan wie nog te midde van die wêreld staan. **Want hulle wil niks met My Woord te doene hê nie**, hulle gedagtes is nog wêrelds gerig en daarom sal hulle ook nie bydra tot die verspreiding van My Woord wat 'n bevrydingseffek in die wêreld moet hê.

Waar My woord veld moet wen in die menseharte, **daar moet die wêreld ook al oorwin wees** en netso moet My medewerkers op aarde die wêreld oorwin het om tot seën van van die medemense werksaam te kan wees.

**Dus sal daar geen wêreldsingestelde mense as knegte in My wingerd aangeneem word nie**, want nooit sal hulle in My wil werksaam wees nie, **maar veeleerder hul eie belange nastreef,** omdat die heer van hierdie wêreld, aan wie hulle behoort, hulle daartoe aanspoor.

Maar Ek het genoeg middele en weë om ook sonder sulke "hulpkragte" My doel te bereik. Die liefde moet altyd deel daarvan wees as resultate bereik moet word en **die liefde sal ook My Woord herken as 'n geskenk van genade van buitengewone waarde** en haarself ook daarvoor inspan.

En so sal julle ook julle ware medewerkers herken **wat vir julle hulle hulp in liefde aanbied.** En julle sal nie aarsel om hulle hulp aan te neem nie en julle sal ook weet dat My seën slegs op julle werk rus wanneer elkeen dit in liefde verrig en julle geen wêreldse voordele daaruit verwag nie.

**Want soos wat Ek dit vir julle gee, so sal julle dit ook moet deurgee**. Soos wat My Liefde by julle wersaam word, so moet ook julle liefde teenoor die medemense werksaam word. **En dit gebeur wanneer My Woord onselfsugtig versprei word**, wat aan julle van bo gestuur word en as **die mees waardevolste geskenk van genade in die eindtyd** die mense hulp moet bied en hulle kragtig **bemagtig** in hulle geestelike nood, sodat hulle kan volhou tot aan die einde. Amein.